



# KAMMANUUS

Nommer 342

3 Desember 2012

'n Publikasie van Onsdorp.com

## TOULEIER



## In Doha kry jy ook olieverwarmers

**H**ierdie is die laaste uitgawe van **Kammanuus** vir die jaar 2012. As iemand jou ooit wil vertel hierdie jaar het darem stadig verbygegaan, moet jy mooi oppas, daardie persoon kan oor ander goed ook lieg.

Natuurlik als oom Einstein se skuld. Sedert hy met sy relatiwiteitsteorie te voorskyn gekom het, neig die hele kosmos mos om spoed op te tel. Hy het duidelik vergeet om ons te waarsku dat tyd insigself ook relatief al hoe vinniger beweeg soos mens ouer word.

### YADE-FONDS KWYN

So met Kersfees in aantog, wil ek net vinnig verslag doen oor ons Yade-fonds wat stadig maar seker kwyn soos ons elke maand R1200 uitbetaal vir volwasse doeke vir van die die ou mensies in die Yade-huise in Bloemfontein. Danksy die klompie van julle wat steeds blymoedig maandeliks bydra, sal ons volgens my skatting, vir omtrent nog 'n jaar lank kan aanhou gee in hierdie tempo. Indien daar nuwe lesers is wat graag wil hierdie feestyd ietsie tot hierdie goeie saak wil bydra, die rekeningbesonderhede is: HJ Greeff, Spaarrekening, FNB, Hermanus, Rekeningnommer:60379199926, takkode: 200412

Hier in Doha is dit nou behoorlik voorwinter en ek het al selfs 'n paar keer langmouhemde gedra. Glo dit as julle wil, hulle verkoop nie net Kersbome hier in Lapkopland nie, daar is ook olieverwarmers in die winkels, en hulle verkoop soos soetkoek.

Die daaglikse temperatuur wissel tans so tussen sewentien en vyf-en-twintig grade en oral sien mens nou weer mense buite. In die somer beweeg ons klomp mos net van die huis se lugreëlaar na die motor s'n en dan na die kantoor of winkelkompleks se verkoelde omgewing. Wanneer ek egter deesdae saans terugkeer villa toe, is die Filippynse kindermeide almal steeds buite met die kleuters en die jong klomp van die villa langs ons, speel tot donker basketbal op die harde plaveisel van ons gemeenskaplike binneplein.

Ons villakompleks raak nou lekker kosmopolitaans sedert daar nou twee Engelse paartjies ook ingetrek het. Let wel, julle klomp daar in Duskantland wat so kan aanhou oor ons lewens in 'n kampong, ons bly in VILLAS, nie kampongs nie.

Ons betrokke villakompleks bestaan uit twee rye van vier dubbelverdieping meenthuis-tipe skakelgeboue wat vir mekaar kyk, met sowat sowat twintig meter tussen voordeure. Tussen die agt wonings is daar Saners (dis nou ek en kamermaatjie), Libanese, Italianers en dan die twee Engelse families waar Annabelle nou twee keer per week Mahjong speel.

In die hoek by die elektroniese hekke (ja, van ons bly ook, soos die Duskantlanders, steeds agter hoë mure) is die kamertjie van Bano, ons Nepalese hekwag. Bano maak vir 'n footjie ons karre een keer 'n week skoon en sorg somer vir die algemene instandhouding van die kompleks. Sy salaris, R1800 per maand. Skande nè?

In die verste hoek is daar 'n swembad die grootte van wat mens algemeen in Duskantland se woonbuurte kry. Party komplekse s'n word selfs verkoel in die somer en verhit in die winter. Langs die swembad is daar 'n volledige oefenkamer met al die nodige foltermasjiene om mens fiks te kry en te hou as jy wil. Ek weet ons is net veronderstel om hier te wees vir die geld, maar partykeer moet ons erken, ons bly veilig en nogal lekker hier.

Geseënde Kersfees aan julle almal en groetnis tot 14 Januarie 2013, wanneer ons DV sal laat weet hoe dit met ons bootreis op die Queen Mary II gaan.

Hennie en Annabelle

**Hennie Greeff**

**Doha, Katar**

**UITGEWER VAN KAMMANUUS**

# Om die kampvuur

## NUWE Matriekvraestel Vir Wiskunde

### VRAAG 1

Philemon het 'n AK47 met twee magasyns wat elk 75 patrone hou. As hy 8 uit elke 10 skote mis, hoeveel verbyrskote kan hy op taxi's vuur voordat hy moet herlaai?

### VRAAG 2

Phineas het 'n 12-sitplek minibus. Om ongerief te voorkom, laai hy nooit meer as 23 mense op nie. As ons aanvaar dat elke pasassier 85 kg wees, en ook 35 kg bagasie op die dak laai, dat hy teen 140 km/h ry en dat sy remme net 25% effektief is – wat sal sy stopafstande wees?

a) 300 m

b) 600 m

c) As daar 'n pasassier langs die pad staan.

### VRAAG 3

Jacob werk een dag per week by drie huise as tuinjong. Veronderstel elke grassnyer hou 3 maande, hoeveel grassnyers sal die huiseienaars oor 'n tydperk van 2 jaar moet koop?

### VRAAG 4

In st. 6 het Jackson 4 meisies in sy eie klas en 6 uit 'n ander klas swanger gemaak. Hoeveel meisies sal hy swanger maak as hy op 28-jarige ouderdom matrikuleer?

### VRAAG 5

Samuel en sy 5 vriende kan elkeen 35 bottels Black Label drink voordat hulle omkap. Hoeveel SAB-lorries moet hulle kaap as hulle permanent gesuip wil wees?

Kyk waar jy  
die prys plak!



### DEURBRAAK

Japanse tegnoloë het 'n nuwe deurbraak gemaak. Hulle het nou 'n kamera ontwerp met 'n sluiterspoed wat só vinnig is, jy kan 'n foto van 'n vrou neem wanneer haar mond toe is.

Ek skryf 'n boek  
oor omgekeerde  
sielkunde.  
Moenie dit koop  
nie.

### Aansoek om werk

Ek verwys na die afsterwe van die Tegniese Bestuurder by u maatskappy.

Ek doen hiermee aansoek om hom te vervang.

Elke keer as ek om werk aansoek doen, hoor ek daar is nie 'n vakature nie. Maar hierdie keer het ek julle lekker uitgevang! Julle het geen verskoning nie, want ek was selfs by die Tegniese Bestuurder se begrafnis – net om seker te maak dat hy regtig dood is voordat ek om sy pos aansoek doen.

Hierby aangeheg, vind asseblief 'n afskrif van my CV en een van sy doodsertifikaat.

Baie dankie!

Goeiedag!

# Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com

## TROUSEREMONIE

Ek was nou die dag by 'n troue waar al die getroude mans moes gaan staan langs die persoon wat hul lewens die moeite werd maak. Die kroegman is amper doodgetrap.

**Die Here gun elke voëltjie 'n wurm, maar Hy gooi dit nie in sy nes nie.**  
- Sweedse gesegde.



## GESTRAND, MAAR VEILIG!

Daar was twee mans gestrand op 'n eiland. Een ou skree: 'Ons gaan sterf! Ons gaan sterrf!'

Die ander ou sit net gelate teen 'n boomstam.

Die eerste ou sê: "Begryp jy nie? Daar is geen kos nie! Geen water nie! Ons gaan sterf!"

Die tweede ou sê: "Jy verstaan nie. Ek maak R100,000 'n week."

Die eerste man kyk heeltemal verstom na hom aan en vra wat dit gaan help?

Die tweede man antwoord:

"Ek gee my tiende aan my gemeente en die belastinggaarder weet van my inkomste. Die Kerkraad sal my opspoor! As hulle effe stadig is, sal SARS wel gou-gou hier opdaag."

## BOUPERMIT

Ek het aansoek gedoen vir 'n boupermit vir 'n nuwe huis. Dit sou 30 meter hoog en 120 meter wyd gewees het, met parkeerplek vir 200 motors. Ek sou dit helderpers gevef het, met pienk aksente. Die stadsraad het dit afgekeur. Toe stuur ek weer 'n aansoek in, maar hierdie keer het ek dit 'n moskee genoem. Die bouers begin Maandag.

## JOODSE OUMA

Die Joodse ouma se kleinseun kom vir haar kuier. Hy bel haar om te hoor hoe hy by haar uitkom.

**Ouma:** "Kom by die voordeur in, ek is in woonstel 301. Daar is 'n bord, druk 301 met jou elmboog."

"Die hyser is regs. Klim in en druk 3 met jou elmboog."

"As jy uitklim, draai regs. Druk my deurklokkie met jou elmboog."

**Kleinseun:** "Goed, Ouma. Dit klink maklik. Maar hoekom moet ek alles met my elmboog doen?"

**Ouma:** "Jy kom tog seker nie met leë hande hier aan nie?"

## VERKEERDE OUMA

"Wie was die eerste vrou op aarde?" vra die juffrou die klassie in die Sondagskool.

Nie een van die kinders steek hand op nie.

"Kom nou," sê die juffrou. "Julle weet tog wie was Adam se vrou?"

Steeds geen reaksie nie, en die juffrou begin kopkrap.

"Kom ek gee julle 'n wenk. Die eerste vrou op aarde het iets met appels te doen gehad."

Skaam-skaam gaan daar 'n handjie op:

"Juffrou, ek dink dit was Granny Smith."

## HAGAR – deur Dik Browne





**Maar hulle is  
ANDERS!  
Lees maar met  
DEERNIS!  
Ingestuur deur LAMMIE**

**'n Man se brein bestaan uit boksies. 'n Vrou s'n uit baie drade.**

Daar is baie navorsing wat bewys dat getroude mense langer lewe en gesonder is as ongetroudes. Hulle het meer geld en beter seks. Google dit as jy my nie glo nie. Daar is veral 'n outjie met die naam Mark wat baie navorsing doen. Algemeen na verwys as Marknavorsing.

Om al die voordele van die hemelse huwelik te ontsluit, moet jy 'n paar dinge weet. Ja, mans en vroue verskil, maar dit is juis hierdie verskille wat maak dat julle 'n wonderlike verhouding kan hê. Daarom moet jy weet hoe om hierdie verskille tot jou voordeel te gebruik. En die belangrikste verskil is ons koppe! Vroue maak graag 'n kop-probleem 'n hart-probleem. En dit maak jou onnodig ongelukkig. As jy die volgende verstaan, gaan jou huwelik soveel makliker raak. 'n Man se brein bestaan uit boksies...

In 'n man se kop is daar duisende boksies wat hy versigtig oopmaak as iemand daardie spesifieke onderwerp aanraak. Amper soos 'n outydse liasseerkabinet, jy kan net een laai op 'n slag ooptrek. As jy oor die kinders praat, maak hy daardie boksie oop, sonder om aan die ander boksies te raak.

As jy dan skielik oorslaan na sy werk, Saterdag se braai en skoolgeld, spook hy vreeslik om eers die kinderboksie toe te maak, en dan die werk-boksie oop te maak. En terwyl hy nog besig is met werk, trek jy al by skoolgeld en maak sommer 'n draai by die vullissak wat uitgesit moet word ook. Sjoel!

Die gevolg is dat hy wild deurmekaar raak en eers 'n stil hoekie moet gaan kry om al sy boksies weer toe te maak en te bêre ... en te probeer verstaan hoekom jy nou boonop vir hom kwaad is. Dis dan dat hy sy gunsteling boks nader trek... sy niks-boks. En in sy niks-boks is daar net mooi niks. Dis dolleeg.

So, as jy al ooit gewonder het, dit is hoekom mans breindood dinge soos visvang ure lank kan doen. Hy gooi die lyn in en klim in sy niks-boks. In sy niks-boks is daar nie tyd nie, nie werk nie, nie jy nie, nie eksmeisies nie, nie sluwe planne nie, nie duistere begeertes nie... Daar is niks nie.

Moenie dit probeer verstaan nie, glo dit net. En nee... jy kan nie saam met hom in sy niks-boks klim nie, want dan word dit 'n iets-boks!

'n Vrou se brein bestaan uit miljoene drade. Hierdie komplekse draadnetwerk in vroue se breine veroorsaak dat alles in jou lewe en gedagtes gelyktydig aan alle ander goed verbind is. Amper soos die internet. Alle inligting is heeltyd beskikbaar. Dis totaal onverstaanbaar vir enige man.

As jy aan iets dink, word die nimmereindigende stroombaan geaktiveer en elke gedagte veroorsaak 'n nuwe een. Dit is hoekom jy die een oomblik aan jou uitrusting vir vanaand kan dink en die volgende oomblik aan jou laerskool juffrou... en wonder hoe op aarde jy daarby uitkom. Maklik. Jy is so gemaak.

'n Vrou ooit aan niks dink nie. Heeltemal onmoontlik. Maar dit weet jy seker al.

Hierdie draadnetwerk en veral die niks-boks kan 'n man en 'n vrou nogal vreemd vir mekaar maak. Kyk byvoorbeeld hoe verskillend julle stres hanteer, gesels en luister. Mans en vroue stres anders, as die stresgolwe jou man begin karnuffel, gaan sit hy in sy niks-boks. Dan gebeur die volgende:

Sy: Waaraan dink jy?

Hy: Niks.

Sy: Hoekom wil jy nie met my daarvoor praat nie?!

Jy, aan die ander kant, móét praat as jy stres anders gaan jou kop ontplof. Daarom kan jy nie verstaan dat jou man stilbly nie... en aan niks dink nie? Jy wil nie regtig raad of 'n oplossing hê nie. Jy wil net daarvoor praat. En dis nogal moeilik vir jou praktiese man om te begryp. Hy wil graag jou probleem oplos, maar hy weet nie wat om vir jou te sê nie en hy weet nie hoe jy voel nie. Hmm, hy moet niks sê nie, net luister. En jy weet self nog nie hoe jy voel nie jy is dan nog besig om die drade te verbind! So, as jy stres, is sy beste raad vir jou: Hou op om daarvoor te dink.

En jou beste raad vir hom is: Praat daarvoor!



## MAKERIEPAS!

Stories uit die Weermag

# Die swart man met die pienk hemp

**D**it was mos maar die Weermag se manier om so nou en dan sy spiere te bult en vir almal te wys hoe lyk spiere nou eintlik. Daar is gereeld magsvertonings gehou waar wapentuig, voertuie en waaraan hulle ook kon dink, uitgestal is.

Die idee was om aan jou vyand, wat dalk daar op die sypaadjie staan en na jou konvooi kyk, te wys dat jy 'n goed opgeleide, goed gemotiveerde en goed bewapende weermag het, wat elke moontlike aanval van die vyand kan weerstaan.

Met 'n magsvertoning is daar nie net sommer besluit vandag gaan ons 'n magsvertoning hou nie. Nee, die goed is met presisie beplan. Wanneer die groot oomblik aanbreek, dan is almal ingelig en weet ook dan presies wat om te doen. Dit is hoe dit hoort en behoort te wees.

Kom ons neem aan dat in Pretoria 'n Generaal besluit het dat die manne op hulle kamp deur een of ander gebied moet ry om spiere te gaan wys. Hy stel 'n breedvoerige plan op met alles daarin. Al die hoekoms en waaroms word daarin behandel. Die plan word dan goedgekeur. Nou gaan die plan af in die lyne. Die Generaal gee nou die plan aan 'n Brigadier wat in bevel is in daardie streek. Maar nou is die plan al dunner, want sekere dinge wat die Generaal net vir homself wil hou, gewoonlik die hoekom, is uit die plan gelaat.

So gaan dit van die Brigadier na die Bevelvoerder van die spesifieke eenheid toe wat die plan moet uitvoer. Weer word die plan so bietjie dunner, want daar is goed in die plan wat net vir die Brigadier se oë bedoel is. Die bevelvoerder besluit dan watter kompanie gaan die opdrag uitvoer. Hy roep dan die Kompanie bevelvoerder nader en gee hom net die breë trekke van die plan.

Die kompanie bevelvoerder moet dan gaan sit en planne maak dat die stof so staan. Hoeveel manskappe is nodig, hoeveel voertuie moet gaan. Moet daar kos en water saamgaan en al die detail word op die vlak gedoen. Die kompanie bevelvoerder vertel dan weer die detail van die operasie aan sy Luitenant.

Op die ou einde kom die Luitenant en sê vir die troepe klim op die trokke ons gaan so ent ry.

Hierdie magsvertoon waarby Danie betrokke was, was 'n magsvertoning van alle magsvertonings gewees. Hulle regiment het by 4 SAI (in lang Afrikaans beteken dit eintlik Die 4de Suid Afrikaanse Infanterie Bataljon) in Middelburg bymekaar gekom. Die doel was om na Badplaas te gaan en in Mayflower gaan spiere bult. Mayflower is 'n gebied net by Badplaas waar die swart bevolking gewoon het.

Die aand voor die groot magsvertoon kom al die Peloton bevelvoerders by die Kaptein aan. Die kaptein is seker die aand nie so lekker voorberei nie. Vir watter rede weet ons nie. So begin die Kaptein sy orders (opdragte) uitdeel. Wie moet waar ry, watter voertuie moet gebruik word, ens.

Die kaptein kom nou op die laaste deel van sy orders. Hy sê hulle moet in konvooi ry tot in Badplaas en dan na Mayflower gaan. By Badplaas sou 'n swart man staan met 'n pienk hemp en die konvooi wys by watter pad hulle moet indraai.

Net hier begin die probleme. Dan is die Kaptein hierdie kant toe met sy planne en daardie kant toe. Dan verander hy hier ietsie en dan daar iets. Elke keer moet die Luitenant doodkrap in hulle notaboekies en weer skryf. So al krappende en skrywend gaan hulle aan.

Die een Luitenant raak toe net daar mooi gatvol vir al die veranderinge. Dapper steek die Luitenant sy hand op en wag tot die Kaptein hom vra wat hy wil weet. Die Luitenant kom toe met die volgende vraag uit: "Kaptein ek wil net graag weet of iemand die swart man met die pienk hemp in kennis gestel het van al die veranderinge."

Al die ander teenwoordiges het begin giggel or die Luitenant se vraag. As daar een ding is wat mens nooit gedoen het in die weermag nie, was om openlik en hard te lag vir een van jou meerderes se verleentheid nie. Miskien het hulle gegiggel omdat iemand anders die vraag gevra het en hulle die verleentheid gespaar het om dieselfde vraag te vra.

Die Kaptein was duidelik nie baie beïndruk gewees met die Luitenant se vraag nie. Net daar raak die Kaptein kwaad en jaag almal uit. Die volgende oggend drie uur moes al die Luitenant en seksie bevelvoerders weer aanmeld. Hierdie keer was die Kaptein goed voorbereid gewees, en almal het hulle orders ontvang soos dit hoort, puik en professioneel.



# Die beste e-pos van die jaar

**Die man was gatvol om elke dag werk toe te gaan, terwyl sy vrou lekker tuis bly.**

**Hy wou graag 'n dag soos hare beleef, toe bid hy:**

Liewe Here

Ek gaan elke dag werk toe, agt uur lank, terwyl my vrou tuis bly. Ek wil ondervind wat sy deurmaak. Sal U ons twee se liggame asseblief 'n dag lank omruil? Amen.

Die Here, in sy oneindige wysheid, het die wens toegestaan.

Die volgende oggend het die man as 'n vrou wakker geword, opgestaan en ontbyt vir sy maat voorberei, die kinders gewek, gevoer en hul kosblikke ingepak en hulle skool toe geneem. Toe huis toe gekom, wasgoed na die droogskoonmakers geneem, by die bank gestop, kruideniersware gekoop. Toe huis toe, die goed weggepak en die tjekboek gebalanseer.

Hy het die kat se sandboks skoongemaak en die hond gewas.

Dit was toe al 13:00, en hy het hom gehaas om die beddens op te maak, wasgoed te was, te stofsuig en die kombuisvloer te was.

Toe het hy die kinders by die skool gaan haar, 'n argument op pad huis toe opgetel, melk en koekies uitgesit en die kinders gekry om hul huiswerk te begin doen.

Daarna het hy die TV aangesit en gekyk terwyl hy die wasgoed gestryk het. Teen 16:30 het hy begin om die aartappels te skil, die groentes te was, 'n slaai te maak en die tjops vir aandete gespesery.

Ná ete is die skottelgoed gewas, die kombuis opgeruim, die wasgoed opgevou, die kinders gebad en hulle in die bed gesit.

Teen 21:00 was hy pootuit, Hoewel daar nog werkies oor was, het hy bed toe gegaan, waar van hom verwag was om liefde te maak - iets wat hy sonder te veel teenstand gedoen het.

Toe hy die volgende oggend wakker word, het hy dadelik by die bed gekniel en gebid:

Liewe Here

Ek weet nie wat my besiel het nie. Ek was so verkeerd om jaloers te wees op my vrou se tuisblyery.

Asseblief, Here, verander ons terug soos ons was. Amen.

Die Here, in sy oneindige wysheid, het geantwoord:

"My seun, ek voel jy het jou les geleer. Ek sal julle terug verander soos jy vra. Maar jy sal nege maande moet wag. Jy het gisteraand swanger geword."

**Hierdie e-pos is in 'n wêreldwye peiling aangewys as die**

**Vroue se Gunsteling van die Jaar.**

## DIE BARMHARTIGE SAMARITAAN

'n Sondagskooljuffrou was besig om die verhaal van die barmhartige Samaritaan vir vier- en vyfjariges te vertel, en om hul aandag te behou, doen sy dit met gevoel.

In 'n stadium vra sy: "Wat sal jy doen as jy iemand langs die pad teenkom wat vol wonde lê en bloei?"

Een van die meisietjies verbreek die stilte, en sê: "Ek dink ek sal kots."

# Duskantlander in Anderkantland

## Tristan de Cunha: Die poort tot Gough-eiland (Deel 1)

Deur GERARD DE JONGH

Daar is seker min mense wat op Gough-eiland was en nie verby Tristan da Cunha is nie. Net weer vir dié wat nie weet nie: Die eilande Tristan da Cunha, Nightingale en Inaccessible en Gough lê so amper halfpad tussen Suid-Afrika en Suid-Amerika. Die eersgenoemde drie eilande is relatief naby aanmekaar, en Gough lê sowat 400 km verder Suid.

Selvs vandag nog vaar skepe van Kaapstad af eers na Tristan en dan na Gough. Dit is hoofsaaklik om passasies en vrag te vervoer na Tristan.

Op pad hier na Gough-eiland het ons die geleentheid gehad om die eiland te besoek. Ek verstaan dat die SA Agulhas II daar vir 48 uur moet oorstaan op pad na Gough-eiland en weer dieselfde op pad terug na SA.

Daar gaan ook dokters van SA saam, wat dan op Tristan oorbly gedurende die oorname op Gough-eiland. Op die skip het ek 'n sielkundige ontmoet wat glo met die mense wie se koppe so effens raas gaan smokkel. Hy moet dit met my probeer – sy moer man!

Hoe lyk dit op Tristan da Cunha? Ek sou sê so effens deurmekaar. Dit lyk of elke ou sy huis net daar gebou het waar hy wou. Geen reguit strate nie. Die mense is baie vriendelik en sal jou enige tyd in hulle huis innooi. Later, tydens die oorname hier op Gough, het ek meer van hulle ontmoet, en ek moet sê dat hulle baie aangename mense is en baie behulpsaam.

Maar wie is die mense wat sê dat hulle op die mees afgeleë eiland op die wêreld woon? En hoekom woon hulle daar?

Tristan se vroue is ingevoer, en daar is net 11 vanne op die eiland.

Die eilande is ontdek deur die Portugese, wat deur storms van hul roete om die Kaap weggedryf is. Moet sê dat dit nogal 'n yslike storm moes gewees het om jou halfpad Suid-Amerika toe te neem. Vandaar die Portugese naam van Tristan da Cunha en Gonçalo Alvarez, soos Gough eiland aanvanklik bekend was.

Daar was 'n Engelsman met die naam van Lambert wat die Tristan da Cunha vir homself opgeëis het in 1810. Hy wou geld maak deur vars voorrade en olie aan verbygaande skepe te verkoop. Maar hy het kort daarna verdrink en dit was die einde van die storie.

Kort daarna, nadat Napoleon Bonaparte na St. Helena-eiland verban is, was die Britte bekommerd dat daar 'n reddingspoging vir Napoleon sou wees van Tristan af. Hulle plaas toe 'n klein leër op die eiland. Nadat Napoleon die emmer geskop het, was die leër nie meer nodig nie, en kon die leër verwyder word. Van die mense in die leër her verkies om op die eiland agter te bly. Een van hulle was William Glass van Skotland, getroud met 'n Kaapse kleuring met twee kinders.

Nog mense het in 1924 bygekom en uiteindelik was daar twee getroude pare en vyf mans. Dit was 'n probleem, en die kaptein van 'n verbygaande skip is gevra om vir hulle vroue van St. Helena-eiland te bring. Met moeite het hy vyf onwillige vroue gekry, en hulle vroegoggend op die strand by Tristan afgelaai en padgegee. Hy was nie lus om hulle weer terug te neem nie. Een van 'n Neger met vier kinders. Toe die mans daar aankom, moes die vroue op 'n ry staan sodat elke man vir hom 'n vrou kon kies.

Vandag, amper honderd jaar later, is daar ongeveer 260 permanente inwoners op Tristan met net elf vanne. En almal is familie van mekaar. Geen buitelander word permanent op die eiland toegelaat nie.

### GATIEP WORD GEDOOP

Die pastoor druk Gatiep drie keer onder die water en sê: "Jy's nou gedoop en van vandag af is jy 'n nuwe skepsel. Die ou ene is weg.. Geen alkohol meer oor jou lippe nie! So van vandag af is jy Gawie!" Later toe Gatiep (nou Gawie) by die huis kom, is hy reguit yskas toe. Hy haal 'n bottel yskoue wyn uit. Hy tap die wasbak vol water en druk die bottel drie keer onder en sê: "Djy's nou Oros".

# POSKOETS

## Kammanuus se lesers skryf

### In Korea moet jy bly of gly!

#### Arnold du Toit, Korea:

Ek en my gesin bly nou al 4 jaar hier. Ek is by 'n public girls middle school en my vrou by 'n privaatskool. Ons bly in Yeosu, die mees suidelike dorp / stad. Hier bly omtrent 300,000 mense. Hier's heelwat SAKANERS in Korea, natuurlik weens die werksituasie in SA. Party SAKANERS wat hier in Korea arriveer, ervaar die kultuurskok erg, soos my einste vrou! Sommige haal die eerste vliegtuig terug, ander bly. Sy en ons 2 kinders het eers na 6 maande hierheen gekom. Ek het gedog dit gaan op 'n egskeiding uitloop, maar genadiglik het sy "noodgedwonge" aangepas.

Wel, as daar een ding is wat ons geleer het hier, is dit om aan te pas. Ek dink dit beteken baie vir mens se selfbeeld. Ons dogter praat Koreaans en het Koreaanse vriendinne. Verder doen ons dinge hier waaraan ons gewoon is, kuier saam met ons vriende van Belville, braai vleis, drink wyn en praat bollie.

Mens moet net eers 'n "mindset" ondergaan, en dan is alles dood dollies! As jy eers begin kla, dan moet jy maar oppak en teruggaan na jou vaderland. Vir my is die enigste kopseer hier die taal. Dis 'n etterse moeilike taal!

Goed gaan...en dankie vir die nuusbrieff. Ek waardeer dit.

### Poeding uit 'n baie ou oond

**Sandra Smith** vertel van haar Oupa se suster wat geleef het tot 101. Haar oupa self het geleef tot 99 en 5 maande:

"Op 98 jaar kom kuier my Oupa se suster Kate by ons. Sy wou toe nie weer teruggaan na haar huis nie. Het op die ouderdom al haar kinders oorleef en sit toe slegs met kleinkinders na wie sy nie meer wou gaan nie.

"Die kleinkinders was seker ook in hul noppies met die besluit want hulle het ook nooit gebel of vir haar kom kuier nie. Ek, woonagtig met my ouers, het altyd naweke, as my ouers moet uitgaan, na Kate omgesien. Een spesifieke naweek gebeur daar iets.

"Op 100 jaar ouderdom bemors Kate haar toe. Ek het haar sorgvuldig skoongemaak. Dit was nie lank daarna nie, toe is dit weer so. Ek was boos. Van kwaad onthou ek nie meer die kleinkinders se kontaknommers nie. Bel toe 'n ouderling (ook 'n grapjas) in hul area en vra die kleinkinders se nommer.

"Hy vra natuurlik hoekom. Ek verduidelik. Ek was kwaad, toe hy begin lag en sê: 'Dit moet 'n storie wees, want daar kom nog steeds poeding uit 'n oond wat 100 jaar oud is.'

"So kwaad soos ek was, kon ek nie anders as om te lag en nie en bedaar toe maar weer en soos 'n soet kind maak ek haar toe maar weer skoon. Kate het nog geleef tot 101 en die ouderling is ook nie meer daar nie."

#### Gatiep se rondte!

'n Amerikaanse toeris doen "white water rafting" op die Oranjerivier met Gatiep as sy toergids.

Die Amerikaner vra vir Gatiep: "Do you know psychology, methodology, biology or geology?"

Gatiep antwoord: "Nei Master, never heard of that big words."

Amerikaner: "You sure don't know a lot my friend?"

Skielik kry die boot 'n lekkasie en begin sink.

Gatiep: "Do you know swimonology and escapology away from crocodology?"

Amerikaner: "What the hell do you mean?"

Gatiep: "Well, today you going to see jougatology just before you versuipology."

**Gisteraand reik ek vir my vloeibare Viagra en vat per ongeluk 'n slukkie van die tippex botteltjie. Vanoggend word ek wakker met n groot korreksie.**

**In Brakpan is die Cortinas so warm gemaak, as jy die choke trek spin die spaarwiel!**



# Só maak mens!

## Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

### QUICHE IN BLIKBEKERS:

Hier is 'n wegsleep-resep wat vermelding verdien vir die vakansietyd. wanneer die woonwaens aangehaak en weggesleep word na 'n plekkie onder die son.

Met hierdie resep kan jy eindelose variasies optower – gebruik enige bestanddele: blokkies gaar spek, gesnyde aspersies, ham, tamatie, salm en selfs groente.

Jy het nodig (vir 1 porsie):

- 2 eiers
- ¼ koppie melk
- sout en peper na smaak
- ekstra bestanddele bv. spek, gesnyde worsies, ens.
- botter of margarien om die blikbekers te smeer

### Dan maak jy só:

Kóókwater. Sit 'n groot pot water op 'n gasstoof en maak vuur onder sy agterstewe. Maak seker die bekere pas almal in die pot – hulle moet omtrent halflyf in die water staan.

Klits die eiers, melk en sout en peper saam, en voeg die ekstra bestanddele na smaak by. Smeer die beker deeglik sodat die gaar quiche maklik kan uitglip.

Gooi die mengsel in die beker en sit dit in die kookwater.

Sit die pot se deksel op en kook vir sowat 10 minute, of tot die eier gaar is.

Jy kan 'n paar keer 'n mes aan die kant van die beker insteek om die quiche los te maak. Druk ook saggies met die agterkant van 'n lepel op die quiche sodat van die rou eier in die middel na die kante loop.

Moenie te rof tekere gaan nie, anders gaan die quiche breek.

As jy die beker uithaal, trek weer 'n mes rondom die quiche om dit los te maak.

Sit 'n bord oor die beker en dop dit om sodat die quiche uitglip.

En val weg. Sit voor saam met met roosterbrood en gerasperde kaas.

Jy kan dit ook net so uit die blikbeker eet en nóg skottelgoed spaar.

## STAMBOOM

### **DU PLESSIS** [kjventer@mweb.co.za](mailto:kjventer@mweb.co.za)

My oupagrootjie was Andries Hendrik du Plessis getroud met Francisca von Eberhardt. Enige inligting oor hul voorsate, kinders en kleinkinders sal waardeer word.

### **JACOBS** [adri@praxiatrading.com](mailto:adri@praxiatrading.com)

Ek sal enige inligting waardeer ten opsigte van: Schalk Willem Jacobus Jacobs (Franse afkoms). Oupagrootjie oorlede 7/8/1957 en was getroud met Johanna Zacharia Petronella (oorlede 16/8/1960 Jan Kempdorp, Hartsvallei). Oupa, met dieselfde name, gebore 14/05/1940 en oorlede 6/9/1964 (Walvisbaai). Getroud met Cecilia Alberta Vermeulen (Gebore in Frasersburg). Oupa was volgens oorlewering een van 7 kinders (Gert, Nicklaas, Fanie, Anna Ruiperd, Leenta du Plooy en Fay du Plessis).

### **PRINSLOO** [tienieprinsloo@mtnloaded.co.za](mailto:tienieprinsloo@mtnloaded.co.za)

My naam is Marthinus Stephanus Prinsloo en is gebore op 24 Jan 1947 te Christiana. Tans is ek woonagtig aan die Oos-Rand. My pa was ook Marthinus Stephanus, ook bekend as Martiens. Sy pa was Izak Frederick Prinsloo. Hy was getroud met Maria Magdalena Ferreira. Hulle het 6 kinders gehad nl. Izak, Martiens, Gert en Eben. Dan was daar 2 dogters; Met en Ester. Van die 6 leef Ester nog. Sy is nou 83 jaar oud en woon in 'n ouetehuis in Centurion. Oupa en ouma het op die plaas Aanstoot pk Bultfontein gewoon. Ek het ook 'n adres Klipkraal dist Hoopstad. Dalk het hulle ook daar gewoon. Oupa Izak was 19 jaar oud toe hy St Helena toe is as krygsgevangene. Dit was op 16 Aug 1902. Indien daar iemand of van die nasate is wat hier wil byvoeg, doen so.

### **SLABBERT** [wouter.nutsman@gmail.com](mailto:wouter.nutsman@gmail.com)

Afstammeling van die Karoo se Slabbert's. Spesifiek die klomp van Osplaat, Kommetjieskraal, Brandnek, Jurgensrust ens., naby Jansenville. Enige iemand met meer inligting kan my gerus kontak.

### **SOETOREDJO** [kimcy1994@live.com](mailto:kimcy1994@live.com)

Ik wil over myn stamboom weten.

# AGTEROS

## Net voor uitspantyd



"Mevrou dominee het 'n gillettjie gedemp deur haar vingers wat sy voor haar mond gehou het laat glip toe Hetta uit die kar klim."

**Deur Wessel Ebersohn**

**D**ie Kalahari word dikwels geassosieer met stories, snaakse tongvalle en interessante mense. Op die klein dorpie waar ons gewoon het, was dit nie anders nie. Ons was lidmate van 'n klein gemeente, een van die drie "susterkerke"

Omdat sy bediening so wyd en verspreid moes ons dominee maar noodgedwonge leer vlieg (met 'n vliegtuig saam verstaan, nou nie soos in self vlerke klap nie). Hy het in een van die groter dorpe gebly, maar moes lang afstande aflê om by al sy skape uit te kom.

Een van sy besoekpunte was by Floris en Hetta. Hulle het in 'n ou woonwa en 'n nog ouer tent in die veld buite 'n dorpie gebly en het allerhande los werkies vir die boere en dorpenaars gedoen.

Toe die dominee op sy eerste besoek by die twee uitkom nadat hy gehoor het hulle is van sy kerk, was hy en sy ouderling geskok om te sien onder watter haglike omstandighede die mense bly. Vuil en slordig, 'n halfbottel OBS op die tafel.

Dominee het mooi met hulle gepraat en gesê 'n mens kan arm wees, maar jy hoef darem nie sleg te wees nie. Die Here wil hê sy kinders moet ordentlik lewe.

Die volgende maand het dominee sy vrou saamgeneem met 'n paar goedjies vir die twee mense. Sommer met die aankom kon hulle sien iets het gebeur. Die "werf" was skoon en netjies en binne was alles mooi reggepak en skoon. Tot die kooi was opgemaak. En op die tafel was 'n lang glas, met 'n bossie goudgeel veldblommetjies daarin.

Dominee en mevrou het hulle genooi na 'n basaar wat op een van die buurdorpe gehou sou word en het met een van die boere in die omgewing gereël om hulle op te tel. Op die gegewe dag toe is die twee ook daar – Floris in 'n ou vaal langbroek met kruisbande, 'n geel-wit hemp en sy beste skoene aan sy voete.

Mevrou dominee het 'n gillettjie gedemp deur haar vingers wat sy voor haar mond gehou het laat glip toe Hetta uit die kar klim. Die mollige lyfie was getooi met 'n blommetjies mini wat vêr bokant die dimpelknieë geëindig het en die bloes het gespoek om alles binne te hou wat binne moes bly.

Mevrou wou nie die stomme mens in die verleentheid stel nie, maar kon haar ook nie so deur die dag laat gaan nie. Sy het vir Hetta oortuig dat dit nogal koelerig was en by een van die gemeentedele 'n mooi, lang wit mantel gekry wat sy om Hetta gewikkel het. Sy't vir haar gesê dis 'n spesiale geskenk en Hetta het daardie mantel daarna tydig en ontydig gedra.

Floris en Hetta het van daardie gemeente se getrouste lidmate geword.

**KAMMANUUS span uit vir die Kersgety.**

Jou volgende uitgawe is op

**14 Januarie 2013.**

Geseënde Kersfees en  
voorspoed vir die Nuwe Jaar!